

9 Januarie

Skrifgedeelte: Jesaja 44:24-28

Fokusgedeelte: Jesaja 44:24

Die Skepper van hemel en aarde, Hy is die Verlosser van Israel

As gevolg van die sonde van die Here se volk word hulle in ballingskap na Babel weggevoer. Jerusalem, die tempel en die land is verwoes. In Babel word hulle met afgode, toekomsvoorspellers en waarsêers gekonfronteer. Hier worstel hulle met die wil van die Here en wonder of die Here van hulle vergeet het.

Deur Jesaja bemoedig die Here sy volk en verseker hulle dat hulle weer na hulle land sou terugkeer. Jerusalem moet weer bewoon word, die stede van Juda moet weer opgebou word. Hierin gaan die Here vir Kores as instrument sy hand gebruik sodat die ballinge weer na hulle land kon terugkeer. Hoe kon hulle daarvan seker wees? Die Here is hulle Verlosser wat hulle in die moederskoot gevorm het. Die Here wys hulle op sy skeppende mag: "Ek is die Here, Ek het alles geskep, Ek alleen het die hemel oopgespan, Ek het die aarde gevorm, daar was niemand by nie."

Dit wat hier met die ballingskap gebeur het, het nie buite die Here se mag en wil gebeur nie. As Skepper onderhou Hy nie net alles nie, maar Hy bestuur wat in die wêreld en met sy volk gebeur. As Skepper kan geen ander afgod met hom gelykgestel word nie. Hy staan bo al die afgode, die toekomsvoorspellers en die waarsêers waarin die mense van Babel hulle vertrou stel. Al die afgode is skeppings van mense, maar Hy is self die Skepper van alles. Die Here verseker sy volk: As die Skepper van hemel en aarde is Hy die Verlosser van Israel.

Die Skepper van die hemel en die aarde is ook ons Verlosser. In Jesus Christus ontvang ons die enigste, ware Verlosser teenoor soveel valse verlossers van die wêreld. Ons kan elke dag in die sekerheid leef dat ons uit die ballingskap van die sonde verlos is. In sy skeppende mag is die Here elke oomblik in ons lewens teenwoordig en is Hy met ons op pad na waar alles herskep sal word. 'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde, 'n Nuwe Jerusalem waar ons in die teenwoordigheid van die Here sal leef.

Sing: Psalm 138:4 (Totius)

Ds. AF Berg (Pongola)